
IDENTITEITSBOOD- SKAPPE WAT JOU KINDERS MOET KEN

*(en nie sal nie, tensy jy hulle
daarvan vertel)*

Liewe Leser,

Hierdie boek is vir jou en jou kinders (of kleinkinders... of die bure se kind... of enige kind wat jy straat af sien loop).

Daar is nie kopiereg op hierdie boek nie. Ek wil hê jy moet uitdrukke daarvan maak, dit aanstuur, deel op jou sosiale blaaië, twiet, oplak, vasheg, weggee aan enigiemand met kinders (of wat ooit 'n kind ontmoet het).

As jy hulle wil vertel waar jy dit gekry het, verwys hulle na www.KeithFerrin.com/identitymessages. As jy wil hê hulle moet weet *presies* waarvandaan dit kom, kan jy sê “Die inhoud van hierdie boek het vir die eerste keer verskyn op bladsye 46-47 van Keith Ferrin se [Like Ice Cream: The Scoop on Helping the Next Generation Fall in Love with God’s Word](#). (Wat binnekort ook in Afrikaans beskikbaar sal wees).

Maar jy hoef nie. Regtig nie.

Kopieer en plak dit. Voeg by. Trouens, as jy wel iets byvoeg, stuur die byvoegings vir my. Hoe meer daar is, hoe koeler. Dink jy nie ook so nie?

As jy besluit om dit aanlyn te deel (Facebook, Twitter, Pinterest, Google+, ens.) sal jy my 'n guns bewys asseblief? Sal jy [@KeithFerrin](#) of #IdentityMessages gebruik sodat ek kan antwoord, terugtwiet, verder deel, en die bal aan die rol hou? Dankie.

'n Laaste opmerking: wanneer jy hierdie identiteitsboodskappe uitspreek, aanstuur, skryf of op enige ander manier deel, onthou dit: **Hulle is ook vir jou bedoel.**

Groete,



1. Jy is 'n kind van God.

- *Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word! Om hierdie rede ken die wêreld on nie, omdat dit Hom nie geken het nie. (1 Johannes 3:1)*

2. Jy het deel aan die Goddelike natuur.

Waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is. (2 Petrus 1:4)

3. Jy het 'n magtige God wat aan jou kant is... nie teen jou nie.

- *Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vir ons is, wie kan teen ons wees? (Romeine 8:31)*

4. Jy is saam met Christus gekruisig en jy leef nie meer nie, maar Christus leef in jou.

- *Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het. (Galasiërs 2:20)*

5. Jy het toegang tot die troon van God waar jy ontferming en genade kan ontvang.

- *Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word (Hebreërs 4:16)*

6. Jy is saam met Christus opgewek uit die dood en sit saam met Hom in die hemel.

- *En saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus. (Efesiërs 2:6)*

7. Jy is deel van God se gesin.

- *Want Hy wat heilig maak, sowel as hulle wat geheilig word, is almal uit Een; om hierdie rede skaam Hy Hom nie om hulle broeders te noem nie. (Hebreërs 2:11)*

8. In Christus is jy geseën met elke geestelike seëning.

- *Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus. (Efesiërs 1:3)*

9. Jy het alles wat jy nodig het vir lewe en om Hom te dien.

- *Immers, Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur Sy heerlikheid en deug. (2 Petrus 1:3)*

10. Jy is met 'n prys gekoop.

- *Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort. (I Korinthiërs 6:20)*

11. Jy is geroep om vry te wees.

- *Want julle is tot vryheid geroep, broeders. (Galasiërs 5:13)*

12. Jy is vrygekoop deur die Seun van God.

- *Net soos die Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en Sy lewe te gee as 'n losprys vir baie. (Matteus 20:28)*

13. Jy is nie veroordeel nie.

- *Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees. (Romeine 8:1)*

14. Jy is vergewe.

- *Aangaande Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom glo, vergifnis van sondes deur Sy Naam ontvang. (Handelinge 10:43)*

15. Jy is vrygespreek in Christus.

- *Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom. (II Korinthiërs 5:21)*

16. Jy is God se skepping... Sy gedig... Sy kunswerk... Sy meesterstuk

- *Want ons is Sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel. (Efesiërs 2:10)*

17. Jy is vry van die wet van die sonde.

- *Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die sonde en die dood. (Romeine 8:2)*

18. Jy lewe in Christus.

- *Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur Sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het, ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus - uit genade is julle gered. (Efesiërs 2:4-5)*

19. Jy het die mag van Christus.

- *Kyk, Ek het aan julle die mag gegee om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie. (Lukas 10:19)*

20. Jy is op 'n wonderbaarlike wyse geskep.

- *Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderbaar is; wonderbaar is U werke! En my siel weet dit alte goed. (Psalm 139:14)*

21. Jy is dood vir die sonde maar lewe vir God.

- *So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here. (Romeine 6:11)*

22. Jy is deur God uitverkies voordat Hy die wêreld geskep het.

- *Soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees. (Efesiërs 1:4)*

23. Jy is bestem om vry te wees.

- *In die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God. (Romeine 8:21)*

24. Jy is 'n burger van die Hemel.

- *Want ons burgerskap is in die hemele, vanwaar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus. (Filippense 3:20)*

25. Jy is meer as 'n oorwinnaar deur Hom wat jou liefhet.

- *Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het. (Romeine 8:37)*

26. Jy is met Christus gedoop en is nou met Hom verenig.

- *Want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus bekleed. (Galasiërs 3:27)*

27. Jy is dood vir die sonde, en moet Christus dien.

- *En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God. (Romeine 6:13)*

28. Jy het die Heilige Gees gekry wat jou in die waarheid sal lei.

- *Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig. (Johannes 16:13)*

29. Die boete vir jou sonde is betaal en jy is 'n kind van God.

- *Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God Sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang. (Galasiërs 4:4-5)*

30. Jy word deur die kragtige Naam van Jesus beskerm.

- *En Ek is nie meer in die wêreld nie, maar hulle is in die wêreld; en Ek kom na U toe. Heilige Vader, bewaar in U Naam die wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons. (Johannes 17:11)*

31. Jy het die krag van die Heilige Gees.

- *Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria, en tot aan die uiterste van die aarde. (Handelinge 1:8)*

32. Jy het 'n Hoëpriester wat jou swakhede verstaan.

- *Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar Een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. (Hebreërs 4:15)*

33. Heilige Gees bid op hierdie oomblik vir jou.

- *En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want on sweet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge. (Romeine 8:26)*

34. Jou Here is naby.

- *Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word. Die Here is naby. (Filippense 4:5)*

35. Die Here ken jou.

- *Here, U deurgrond en ken my. (Psalm 139:1)*

36. Niks en niemand kan God se liefde van jou af wegvat nie.

- *Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie. (Romeine 8:38-39)*

37. Daar word nog aan jou gewerk – en die werk aan jou sal klaargemaak word.

- *Omdat ek juis hierop vertrou, dat Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus. (Filippense 1:6)*

38. Jesus was lief vir jou lank voor jy vir Hom lief geword het.

- *Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het. (1 Johannes 4:19)*

39. Jy is nooit alleen nie.

- *Wees sterk en vol moed; wees nie bevrees en word nie verskrik vir hulle nie; want dit is die Here jou God wat saam met jou trek; Hy sal jou nie begewe of verlaat nie. (Deuteronomium 31:6)*

40. Jy het die volle wapenrusting van God... ..die gordel van die waarheid

...die borsharnas van God se vrypraak

...die skoene van die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig

...die skild van die geloof

...die helm van die verlossing

...die swaard van die Gees: die Woord van God.

- *Daaom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly. Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan, en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van*

vrede. Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die bose sal kan uitblus. En neem aan die helm van verlossing en die sward van die Gees – dit is die woord van God. (Efesiërs 6:13-17)

41. Jy het engele wat jou dien.

- *Is hulle nie almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word terwille van die wat die saligheid sal beërwe nie? (Hebreërs 1:14)*

42. Jou behoeftes sal vervul word uit God se oorvloedige rykdom.

- *En my God sal elke behoefte van julle vervul na Sy rykdom in heerlijkheid deur Christus Jesus. (Filippense 4:19)*

43. Jy het 'n Hoëpriester wat vir altyd lewe om voorspraak vir jou te doen.

- *Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree. (Hebreërs 7:25)*

44. Jy het 'n God wat voor jou uitgaan.

- *My Sterkte, op U wil ek wag, want God is my rotsvesting. My genadige God sal my tegemoetkom; God sal my op my vyande laat neersien. (Psalm 59:10, 11)*

45. Jy het 'n God wat jou hoor.

- *En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens Sy wil. (1 Johannes 5:14)*

46. Niemand kan jou uit God se Hand wegruk nie.

- *Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en nieman sal hulle uit My Hand ruk nie. (Johannes 10:28)*

47. God is aan jou kant.

- *Dan sal my vyande agteruitwyk op die dag as ek roep; dit weet ek, dat God aan my kant is. (Psalm 56:10)*

48. Jy is Jesus se vreugde.

- *Wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het e naan die regterkant van die Troon van God gaan sit het. (Hebreërs 12:2)*

49. Iemand is lief vir jou.

- *Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. (Johannes 3:16)*

50. Jy is 'n voorbeeld vir ander mense.

Laat niemand jou jonkheid verag nie, maar wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid. (1 Timotheus 4:12)

Dankie dat jy hierdie gelees het.

As jy my wil kontak, sal jy my hier kry:

- Blog: www.keithferrin.com
- E-pos: keith@keithferrin.com
- Facebook: www.facebook.com/keithferrin
- Twitter: www.twitter.com/keithferrin
- Pinterest: www.pinterest.com/keithferrin
- Google+: <https://plus.google.com/+KeithFerrin>
- Potgooi: www.keithferrin.com/biblepodcast OF soek "Keith Ferrin" op iTunes

Mag jou kinders – *en jy!* – voluit wees wie God julle gemaak het om te wees. Mag julle identiteit gevorm word deur die Een wat julle gemaak het, liefhet, vir julle gesterf het, julle verlos het, en julle nuut gemaak het.

Groete,

A handwritten signature in black ink, appearing to read "Beith". The signature is written in a cursive, flowing style with a large, sweeping loop at the end.